

Woensdag 3 Julie

Skrifgedeelte: Johannes 2:1-25

Fokusgedeelte: Johannes 2:4

Jesus gee sy bloed tot sy bruid se vreugde

Jesus se liefde vir sy kerk word op 'n besondere manier in hierdie gedeelte aan ons geopenbaar.

Jesus gee die opdrag dat die klipkanne vol water gemaak moet word. Hierdie klipkanne is gebruik deur die Jode om hulle te was voordat hulle in die tempel ingegaan het. Daardie reiniging was 'n teken dat hulle skoongewas moes word van die sonde voordat hulle in die teenwoordigheid van God kan verskyn. Dit is dus opvallend dat Jesus sê dat hulle daardie reinigingsbakke vol water moet maak. Bakke waarvan die water gebruik is om mense skoon te was! Die kelners moes daardie ses klipkanne wat elkeen ongeveer 100 liter water kon berg, neem en vol water maak. So sien ons hoe Jesus ons ryklik met sy genade voed.

Dis die beste kwaliteit – Jesus, die ware Bruidegom, kom voed ons met die geurigste en kosbaarste wyn. Sy bloed, wat ons vergifnis bewerk. Net soos hierdie wyn wat Jesus gemaak het, net so is sy bloed vir ons. Dit het 'n onberispelike kwaliteit. Die seremoniemeester gaan na die bruidegom toe en sê vir hom: “'n Mens sit gewoonlik eers die goeie wyn voor, en as die mense goed gedrink het, dié van swakker gehalte ...” (Joh. 2:10). Jesus gee vir ons die beste kwaliteit. Hy gee vir ons sy kosbare bloed wat stukkende en gebroke mense nuut maak!

Maar, *Hy gee dit ook in oorvloed* – Jesus beveel die kelners om al ses klipkanne wat tussen 90 en 100 liter water hou, vol te maak en Hy verander al daardie water in wyn. So gee Hy ook sy verlossing in oorvloed. Ons hoef niks van ons kant te doen nie. In Christus ontvang ons hierdie ryke genade!

Sing: Psalm 95-1:1

Ds. PJ de Bruyn (Paul) (Windhoek-Suid)